
CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY
*Uitgewer van hoogstaande publikasies*

# 7 ritmes binne 7 dae
## … vir totaal toegewyde, Geesvervulde volgelinge van Jesus




In vandag se gejaagde lewe is dit belangriker as ooit om in pas te kom met Jesus. Andries Enslin en Tom Smith bespreek in ***7 ritmes binne 7 dae*** hoe ons dit kan doen aan die hand van die volgende 7 ritmes:

- God is liefde: God se liefde is onbeperk en alles is moontlik omdat Hy ons liefhet. Daarom moet ons ander liefhê.
- God is beskikbaar: God is alomteenwoordig en ons moet inskakel by Hom en ander.
- God is die weg: Hy is die weg tot genesing en wil hê ons moet in sy karakter groei.
- God is Koning: Hy verwag van ons om alles te gebruik om sy koninkryk uit te brei.
- God is drie-enig: Ons mag en kan ook nie alleen staan nie.
- God is lief vir die wêreld: God red alle mense en is lief vir alle mense.
- God is kreatief: God is alomteenwoordig en alwetend – en Hy gebruik alles in ons lewe met 'n doel.

***7 ritmes binne 7 dae*** is ideaal vir individue of kleingroepe en integreer Skrifuitleg met praktiese raad, oordenkings, besprekingsvrae en oefeninge.

Hierdie boek, met sy wortels in die kykNET-program *Die Woord*, sal lesers inspireer om weer te besef God is oral en sy hartklop vir die wêreld moet weergalm in ons.

**Spesifikasies:**

| | |
|---|---|
| **ISBN:** | 978-1-4316-0718-1 |
| **Prys:** | R99,95 |
| **Vrystellingsdatum:** | Maart 2014 |
| **Kategorie:** | Christelike leefwyse |
| **Teikenmark:** | Algemeen |
| **Formaat:** | 148 x 210 mm |
| **Bladsye:** | 156 |
| **Omslag:** | Sagteband |

## Kort kopie

In vandag se gejaagde lewe is dit belangriker as ooit om in pas te kom met Jesus. Andries Enslin en Tom Smith bespreek in ***7 ritmes binne 7 dae*** maniere om toegewyde en Geesvervulde volgelinge van Jesus te word deur jou lewensritme te verander. God se hartklop skep 'n ritme waarby ons moet inval om sy koningskap op aarde uit te brei. Die 7 ritmes in hierdie boek het hulle wortels in die kykNET-program *Die Woord.*

## Oor die outeurs



**Andries Enslin** is stigter en predikant van Alberton LewenSentrum, 'n gemeente met 6 500 lidmate wat 14 jaar gelede met 14 sellede begin het. Tans bestaan LewenSentrum uit 4 gemeentes, Oos-Rand, Vaaldriehoek, Wes-Rand en Alberton, en saam is hulle oor die 8 500 lidmate. Andries se passie en navorsing handel oor die verskillende fases van die mens se verhouding met God. Hy het sy honneursgraad in teologie aan die Universiteit van Johannesburg verwerf. Hy is getroud met Vikki en hulle het 'n dogter en twee seuns.



**Tom Smith** is getroud met Lollie en hulle het twee kinders, Tayla en Liam. Hy is 'n pastoor en kerkplanter en die medestigter van Rhythm of Life, wat kerke en organisasies help om missionale dissipelskap te bevorder. Hy het 'n meestersgraad aan die Universiteit van Pretoria verwerf en is ook verbonde aan die Radboud Universiteit.

## Unieke verkooppunte

- Andries Enslin is die leraar op die kykNET-program *Die Woord* – die boek volg 2013 se preek-temas
- kykNET het gemiddeld 128 000 kykers
- Die besprekingsvrae en oefeninge is ideaal vir individue of groepstudie
- Praktiese raad en verwysings na webtuiste vir ekstra oefeninge

## Ander boeke deur Andries Enslin

- Word stil voor God (saam met Marius Nel)